**Dinsdag 28 Maart**
**Skrifgedeelte: Matteus 28:1-20; 1 Korintiërs 15:20-58**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:24-26**
**Jesus Christus, die magtige Koning, regeer oor alles en almal, in lewe en dood!**

Wie is nou eintlik in beheer van hierdie wêreld? So vra 'n mens as jy om jou kyk en die magstryd op aarde dophou. Is dit die groot moondhede en hulle regerings, is dit die wêreld se geldmagnate, is dit die massas wat opstaan in hulle duisende deur stakings en optogte? Wie is nou eintlik in beheer?

Hierdie vraag wat 'n mens al hoe meer teëkom in gesprekke en in die sosiale kringe en somtyds selfs in ons eie twyfelagtige gedagtes, laat ons as Christengelowiges net weer besef hoe belangrik ons geloof en belydenis oor die Koningsheerskappy van ons Here Jesus Christus is.

Oomblikke voor Jesus se hemelvaart het Hy aan sy dissipels gesê (Matt. 28:18) gesê: *"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde."* Hierdie woorde is die bevestiging van die profesie van Daniël 7:14, dat die beloofde Messias heerskappy en koningskap sal ontvang oor alle volke, nasies en taalgroepe, dat sy heerskappy nie sal eindig nie en dat sy koningskap nie vernietig sal word nie.

Die antwoord op die vraag van (W)ie in beheer is van hierdie wêreld, is dus doodeenvoudig en maklik. Jesus Christus is en was nog altyd in beheer van alles en almal. Al twyfel die mens soms in ongeloof, regeer en bestier Hy kundig en getrou, planmatig en presies steeds die wêreldgebeure na die volgende groot moment, sy wederkoms. En niks gebeur in hierdie lewe as Hy dit nie bewerk of toelaat nie.

Ook oor die ewigheid regeer Hy, sodat elkeen wat in Christus sterf (Op. 14:13) Hom dadelik in sy heerlikheid as Koning ontmoet. Hy is immers die Eersteling wat uit die dood opgewek is, en ook die Waarborg van elke gelowige se salige opstanding!

As ons nie meer glo dat Jesus oor alles en almal, oor lewe en dood regeer nie, hoe sal ons ooit koers hou in hierdie gebroke wêreld?

*Sing: Skrifberyming 1-2:1, 2, 3*
*Ds. OJ Struwig (Ockie) (GK Frankfort)*